

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA GRAIN SA	DATUM 2019/07/22		DATUM 2019/07/19			+ - WEEK GELEDE 2019/07/15		+ - MAAND GELEDE 2019/06/24		+ - JAAR GELEDE 2018/07/23		
	Data		Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	
Brent (\$/b)	63.45	0.93 ↑	1.5%	62.52	↓	-4.9%	66.71 ↑	5.9%	59.94	↓	-11.7%	71.86
US\$: ? ZAR	13.93	0.090 ↑	0.7%	13.84	↑	0.0%	13.93	↓	14.77	↑	5.6%	13.19
ACBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 361.39	49 ↑	2.1%	R 2 312.35	*CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Jul + -12 : 00 the previous day							
ACBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 571.48	62 ↑	2.5%	R 2 509.10	*CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Jul + -12 : 00 the previous day							
ACBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 613.72	133 ↑	3.0%	R 4 481.19	* CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Jul + -12 : 00 the previous day							
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)												
Mielies Jul '19	430.60	6.20 ↑	1.5%	424.40	↓	-2%	441.00	↓	451.60	↑	9%	395.60
Koring Jul '19	502.40	9.00 ↑	1.8%	493.40	↓	-1%	507.60	↓	542.40	↓	-12%	569.60
Sojabone Jul '19	901.40	20.20 ↑	2.3%	881.20	↓	0%	901.60	↓	914.60	↑	0%	901.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))												
SORGHUM	3280.00	0 ↑	0.0%	3280.00	↑	0.0%	3280.00	↑	3280.00	↓	-0.6%	3300.00
WMAZ Spot	2903.00	4 ↑	0.1%	2899.00	↓	-1.2%	2937.00	↑	2876.00	↑	39.6%	2080.00
WMAZ Sep '19	2954.00	0 ↑	0.0%	2954.00	↓	-1.5%	2999.00	↑	2901.00	↑	39.9%	2111.00
YMAZ Spot	2778.00	-11 ↓	-0.4%	2789.00	↓	-1.6%	2822.00	↓	2867.00	↑	29.8%	2141.00
YMAZ Sep '19	2828.00	-17 ↓	-0.6%	2845.00	↓	-1.8%	2880.00	↓	2887.00	↑	29.3%	2187.00
SOY Spot	5289.00	-36 ↓	-0.7%	5325.00	↓	-0.8%	5334.00	↓	5543.00	↑	21.3%	4361.00
SOY Sep '19	5330.00	-61 ↓	-1.1%	5391.00	↓	-1.4%	5408.00	↓	5584.00	↑	20.1%	4439.00
SUN Spot	5037.00	-54 ↓	-1.1%	5091.00	↓	-0.9%	5084.00	↓	5231.00	↑	9.0%	4621.00
SUN Sep '19	5138.00	-86 ↓	-1.6%	5224.00	↓	-1.1%	5195.00	↓	5260.00	↑	9.2%	4706.00
WHEAT Spot	4500.00	-13 ↓	-0.3%	4513.00	↓	-0.6%	4526.00	↑	4459.00	↑	8.4%	4150.00
WHEAT Sep '19	4503.00	-7 ↓	-0.2%	4510.00	↓	-0.1%	4508.00	↑	4475.00	↑	7.0%	4207.00
OLIESADE (US\$/ton)	2019/07/19	Bron: Oilworld			2019/07/12	2019/03/22	2018/04/30					
Soya-oil, Arg.	629	↓	-1.7%	640	↓	-8%	685	↓	-7%	676		
Soya-pell, Arg.	313	↓	-2.5%	321	↓	-4%	326	↓	-15%	368		
Soybean, USA	377	↑	0.0%	377	↓	-1%	379	↓	-8%	410		
USA Runner 40/50	1300	↓	-1.9%	1325	↑	0%	1300	↑	0%	1300		
Sun-oil, Arg.	730	↑	0.0%	730	↑	10%	665	↓	-9%	800		
Sun-oil, Black Sea	755	↑	1.3%	745	↑	12%	675	↓	1%	750		
Sunseed,Black Sea	340	↑	0.0%	340	↓	-8%	370	↓	-17%	409		
Rapeseed, EU cif	420	↑	0.7%	417	↑	1%	417	↑	5%	399		
Palmk oil Mal, EU	540	↑	0.4%	538	↓	-25%	720	↓	-48%	1037		

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone: In die VSA is die grootste fokus steeds op die produksietoestande wat hierdie seisoen aansienlik swakker as die vorige seisoen se produksietoestande. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die laat aanplantings en die koeler temperature wat gedurende Junie geheers het. Volgens die nuutste USDA se produksievorderingsverslag is aangedui dat die produksietoestand 54% goed tot uitstekend is in vergelyking met verlede seisoen se 69% goed tot uitstekend teen dieselfde tyd van die seisoen. Die USDA maak later vandag die nuutste produksievorderingsverslag bekend. Die hoeveelheid sojabone wat gedurende Junie in die VSA gepeers was, is laer as wat die verwagtinge was en ongeveer 6.5% laer as die vorige seisoen se hoeveelheid gepeers gedurende Junie. Die Brasiliaanse sojaboon uitvoere het skerp gedaal in die eerste helfte van Julie en die verwagting is dat die totale Brasiliaanse sojaboon uitvoere vir die seisoen ongeveer 11 miljoen ton minder behoort te wees as die vorige seisoen se uitvoere. Die laer uitvoere kan grootliks toegeskryf word aan die laer uitvoerbare voorraad as gevolg van die laer produksie hierdie seisoen in Brasilië en die groot uitvoere wat verlede seisoen plaasgevind het na China toe.

Plaaslik: Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer gesluit vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

Sonneblomsaad: Die verwagting dat die Swartsee streek se sonneblomsaad produksie hierdie seisoen goed behoort te wees sal veroorsaak dat die sonneblomolie pryse weer onder druk behoort te kom in die tweede helfte van die jaar. Die Swartsee streek se sonneblomolie was die afgelope tyd heelwat duurder as die Suid Amerikaanse sonneblomolie wat hierdie oorsprong minder kompetender gemaak het. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week onder druk gekom en het laer gesluit vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

Kanola: Die Kanadese kanola pryse is steeds onder druk as gevolg van die groot kanola voorraad wat in Kanada beskikbaar is. Die produksietoestande in Kanada se grootste produksiegebied het verbeter en word nou op 42% goed tot uitstekend geskat. Dit is steeds aansienlik laer as die vorige seisoen se 68% goed tot uitstekend teen dieselfde tyd van die seisoen. **Plaaslik:** In die plaaslike mark is die produksietoestande van kanola redelik gemeng met sekere areas wat goed lyk terwyl ander areas reën kort.

Grondbone: In die VSA word die grondboon produksietoestande op 69% goed tot uitstekend geskat wat in lyn is met verlede seisoen se produksietoestande teen dieselfde tyd van die jaar. Die nuutste weeklikse produksievorderingsverslag word later vandag deur die USDA bekend gemaak. **Plaaslik:** In die plaaslike mark was dit hierdie jaar 'n baie moeilike grondboon produksiejaar gewees en die totale produksie vir die seisoen word op 20 580 ton geskat.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za